# ’n Klein liggaamsdeeltjie, bring groot gevolge!

**Donderdag 4 Augustus 2022**

**Lees:** **Kol 4:1-6; Jak 3:1-12**

**Jak 3:5** “So is die tong ook maar ‘n klein liggaamsdeeltjie en tog het dit groot mag.”
**Jak 3:9** “Met die tong loof ons die Here en Vader, en met die tong vloek ons die mense wat as die beeld van God gemaak is.”

**Die tong is een van die klein liggaamdeeltjies** wat ‘n baie groot gevolg teweeg kan bring as ons dit gebruik.
Om te praat is maklik, maar die gevolge kan geweldig wees.

**Dink daaraan;**

- **‘n Landros of regter** lewer uitspraak in ‘n enkele sin, en iemand se lewe word gespaar of vernietig.
- **‘n Dokter** gee ‘n diagnose in een sin en die pasient blom van blydskap of sy lewe spat aan skerwe.
- **Jou baas** sê een sin en jy is jou werk kwyt of jy kry bevordering.
- **‘n Kompliment** aan iemand en die deure van liefde gaan vir jou oop.
- **‘n Onbedagsame** woord aan iemand en verhoudinge is totaal vertroebel.
- **‘n Grappie of opmerking** wat ten koste van iemand anders gemaak word vertroebel verhoudinge.

**Om jou tong te gebruik**, maw om te praat moet ons altyd met die grootste omsigtigheid doen. Daarom moet ons stadig wees om te praat en gou om te luister.

Die Apostel Paulus beskryf die gebruik van die tong baie duidelik in **Jak 3:1-12**, daarom…

- Kom ons lees dit saam!
- Kom ons neem ter harte wat Paulus sê!
- En onthou dit is wat God deur Paulus aan ons openbaar!

Maandag gaan ons dan DV kyk na die gebruik van die tong spesifiek om God te leef in die gebed.

**Jak 3:1-12**

1 “My broers, julle moenie almal leermeesters wil wees nie, want julle moet weet dat ons wat leermeesters is, strenger as ander beoordeel sal word.
2 Ons struikel almal in baie opsigte. As iemand nooit struikel in wat hy sê nie, is hy volmaak, by magte om ook sy hele liggaam in toom te hou.
3 Vir perde sit ons 'n stang in die bek, en dan gehoorsaam hulle ons en het ons hulle hele liggaam onder beheer.
4 Dink ook maar aan skepe: al is hulle baie groot en al is die winde wat hulle aandryf, baie sterk, word hulle tog met 'n baie klein roertjie gestuur net waarheen die stuurman wil.
5 So is die tong ook maar 'n klein liggaamsdeeltjie, en tog het dit groot mag. 'n Klein vuurtjie kan 'n groot bos aan die brand steek.
6 Die tong is ook 'n vuur, 'n wêreld vol ongeregtigheid, die deel van die liggaam wat die hele mens besmet. Dit steek die hele lewe, van die geboorte af tot die dood toe, aan die brand, en self

word dit uit die hel aan die brand gesteek.
7 Alles wat loop, vlieg, kruip of swem, elke soort dier word en is al deur die mens getem,
8 maar geen mens kan die tong tem nie. Dit is 'n rustelose kwaad, vol dodelike gif.
9 Met die tong loof ons die Here en Vader, en met die tong vloek ons die mense wat as die beeld van God gemaak is.
10 Uit dieselfde mond kom lof en vloek. My broers, so moet dit nie wees nie.
11 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en brak water opborrel nie.
12 'n Vyeboom, my broers, kan tog nie olywe dra nie, of 'n druiwestok vye nie. 'n Brak fontein kan mos nie vars water gee nie!"

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***